NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2015

# MUSIEK: VRAESTEL II

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | |

Tyd: 1½ uur — 50 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n Bronmateriaalboekie (bladsy i – ix). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Maak die Bronmateriaalboekie in die middel van jou vraestel los. Die Bronmateriaalboekie sluit 'n bladsy gemerk vir rofwerk in.

2. Al die vrae moet op die vraestel beantwoord word.

3. Al die musieknotasie moet met 'n skerp potlood geskryf word. Die res van die vraestel moet met 'n pen beantwoord word.

4. Laat jou deur die puntetoekenning lei wanneer jy jou antwoorde beplan; die aantal reëls wat nodig is, sal van individuele handskrif afhang. Vermy dit om inligting in jou antwoorde te herhaal.

5. Een punt sal vir elke wesenlike feit toegeken word.

6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied. Tippex mag nie gebruik word nie.

| Vraag | Moontlike punte | Punt |
|---|---|---|
| 1 | 15 | |
| 2 | 13 | |
| 3 | 14 | |
| 4 | 8 | |
| **TOTAAL** | **50** | |

IEB Copyright © 2015

## VRAAG 1

1.1 Skryf die bluestoonleer wat op D stygend begin in die gegewe tydmaat. Gebruik agste-note en voltooi die tweede maat met rustekens, korrek gegroepeer. Jou toonleer moet twee (2) mate lank wees.



(3)

1.2 Identifiseer die toonleer waarop hierdie uittreksel gebaseer is.



(1)

1.3 Voeg die nodige skuiftekens by om die F Miksolidiese modus te skep.



(1)

1.4 Voeg die nodige skuiftekens by om die toonleer van D-mol majeur te skep.



(1)

1.5 Identifiseer die volgende toonleer:



(1)

IEB Copyright © 2015

1.6 Bestudeer die uittreksel hieronder en kies **drie (3)** stellings uit die gegewe lys wat die musiek die beste beskryf.




| | | |
|---|---|---|
| Mineur 7de | Pentatoniese toonleer | 'n Paar onreëlmatige tydmaattekens |
| Verskuiwende aksente | Pedaalpunt | Poliritmiek |
| Chromatiese toonleer | Saamgestelde vierslagmaat | Frigiese modus |

(3)

1.7 Noem die toonaard en die kadens. ________________________________________



(1)

1.8 Die volgende note kan beskryf word as:

| | | |
|---|---|---|
|  | Die leinoot en subdominant in B-mol mineur | |
| | Die supertonika en submediant in G-mol majeur | |
| | Die subdominant en supertonika in D-mol majeur | |

(1)

IEB Copyright © 2015 

1.9 Kies twee beskrywers vir die volgende akkoord:

| | | |
|---|---|---|
|  | Akkoord iii in E majeur | |
| | Akkoord V in C-kruis mineur | |
| | Akkoord vii in A majeur | |

(2)

1.10 Kies die paar note wat die enharmoniese ekwivalente van die gegewe toonhoogte is.

| | | |
|---|---|---|
|  | B-dubbelkruis en F-mol | |
| | E-herstel en F-mol | |
| | C-kruis en D-mol | |

(1)

**[15]**

## VRAAG 2

Verwys na **BYLAAG 1** in die Bronmateriaalboekie.

2.1 Tydens watter stilistiese tydperk is hierdie werk geskryf met verwysing na die instrumentasie van die uittreksel? Gee 'n rede vir jou antwoord buiten die grootte van die orkes.

(2)

2.2 Herskryf maat 8 van die altvioolgedeelte (hieronder gedruk) op dieselfde toonhoogte in die bassleutel. Onthou om die toonaardteken in te sluit.





(2)

2.3 Transponeer maat 8 en 9 van die klarinetgedeelte (hieronder gedruk) tot konsert- (klank-) stemming. Onthou om die toonaardteken in te sluit.





(3)

2.4 Besyfer die akkoorde gemerk A, B en C in die toonaard van E-mol majeur.

A _________

B _________

C _________ (3)

IEB Copyright © 2015 

2.5 Herskryf die volgende ritmiek in die ekwivalente enkelvoudige tydmaat sodat dit dieselfde klink.





(3)

**[13]**

## VRAAG 3

Bestudeer die uittreksel in die Bronmateriaalboekie gemerk **BYLAAG 2**.

3.1 Noem die toonaard van hierdie stuk.

______________________________________________ (1)

3.2 Verduidelik waarom daar 'n verskil is tussen die eerste en tweede tydmaat (maat 4a en maat 4b).

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

3.3 Identifiseer die nieharmoniese note gemerk (i), (ii) en (iii).

(i) ______________________________________________

(ii) ______________________________________________

(iii) ______________________________________________ (3)

3.4 Noem 'n komposisiemiddel wat in maat 9 en 10 aangetref word.

______________________________________________ (1)

3.5 Vergelyk maat 1 – 4 met maat 13 – 16. Noem een (1) verskil en een (1) ooreenkoms.

Ooreenkoms:

______________________________________________

______________________________________________ (1)

Verskil:

______________________________________________

______________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2015

3.6 Identifiseer die intervalle gemerk A, B en C volledig.

A ______________________________________

B ______________________________________

C _______________________________________ (3)

3.7 Gee die maatnommer en maatslagnommer van een (1) maat wat die omkering van die motief gemerk D demonstreer.

Oorspronklike: Maat **1** Maatslag **1**

Omkering: Maat _____ Maatslag _____ (1)

3.8 Gee die nommer van een (1) maat waarin nabootsing tussen die diskant- en bassleutel gedemonstreer word.

Maat: ___________________________________________ (1)

**[14]**

IEB Copyright © 2015

## VRAAG 4

Bestudeer die partituur in die Bronmateriaalboekie gemerk **BYLAAG 3**.

Hierdie stuk is in rondovorm in die toonaard van D majeur.

4.1 In watter beweging van 'n sonate of simfonie sal 'n mens verwag dat hierdie struktuur gebruik sal word?

__________________________________________________________ (1)

4.2 Alhoewel dit deel is van die groter rondovorm, het seksie A sy eie vorm. Noem die vorm wat in seksie A gebruik word.

__________________________________________________________ (1)

4.3 In watter maat begin seksie B?

__________________________________________________________ (1)

4.4 Identifiseer die toonaard en besyfer die akkoorde gemerk A (maat 21 maatslag 2) en B (maat 22 maatslag 1).

Toonaard: __________________________

Akkoord A (Maat 21 Maatslag 2): ________

Akkoord B (Maat 22 Maatslag 1): ________ (3)

4.5 Wat is die toonaard van seksie C?

__________________________________________________________ (1)

4.6 Wat is die verhouding daarvan met die tonikatoonaard?

__________________________________________________________ (1)

**[8]**

**Totaal: 50 punte**

IEB Copyright © 2015